**IN DIE HOOGGERGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr: A203/03

In die appèl van:

**SELLO EMILY MAHLOKO** **Appellant**

en

**MULTILATERALE MOTORVOERTUIG ONGELUKKEFONDS** **Respondent**

---

**CORAM:** MALHERBE RP et LOMBARD, VAN DER MERWE RR

---

**UITSPRAAK:** VAN DER MERWE R

---

**AANGEHOOR OP:** 30 AUGUSTUS 2004

---

**GELEWER OP:** 23 SEPTEMBER 2004

---

[1] Die appellant het in die landdroshof aksie ingestel teen die respondent gegrond op die noodlottige besering van Michilla Pape Memane ("die oorledene"), met wie sy 'n deelgenoot was in 'n gebruiklike verbinding. By die aanvang van die

verhoor in die landdroshof het die respondent formeel erken dat die oorledene gesterf het as regstreekse gevolg van ‘n botsing waarin hy op 22 Desember 1996 as voetganger getref is deur ‘n motorvoertuig bestuur deur mej MP Mtimkulu (“die bestuurder”). By ooreenkoms tussen die partye is by die aanvang van die verhoor gelas dat die geskilpunte met betrekking tot meriete en *quantum* van skade geskei word. Die gevolg van hierdie lasgewing was dat slegs die kwessie van nalatigheid aanvanklik bereg was.

[2] Na afloop van die verhoor op hierdie geskilpunt het die verhoorlanddros die appellant se eis van die hand gewys met koste. Die huidige appèl is gerig teen hierdie uitspraak.

[3] Die appellant se kennisgewing van appèl is nie tydig afgelewer nie en die aanvraag van ‘n verhoordatum van die appèl en aflewering van die oorkonde van die appèl het ook nie tydig plaasgevind nie. Gevolglik het die appellant in ‘n aparte kennisgewing van mosie aansoek gedoen om kondonasie van die gemelde nie-voldoening aan die

betrokke Hofreëls. Namens respondent is te kenne gegee dat die aansoek om kondonasie nie teengestaan word nie met die voorbehoud dat dit nie gesien word as 'n toegewing met betrekking tot die meriete van die appèl nie. In die omstandighede meen ek dat die aansoek om kondonasie toegestaan behoort te word.

[4] By die verhoor het slegs twee getuies getuig, te wete, Inspekteur GA Maklaue namens die appellant en die bestuurder namens die respondent.

[5] Mnr Maklaue het getuig dat hy in diens is van die Suid-Afrikaanse Polisiediens gestasioneer te Maokeng. Terwyl hy aldus aan diens was gedurende die nag van 21 en 22 Desember 1996 het hy 'n berig ontvang van 'n persoon wat noodlottig beseer is op die pad wat bekend staan as die Smaldeel-pad. Die getuie het die Smaldeel-pad beskryf as die hoofpad na die swart woonbuurt. Hierdie pad is 'n teerpad wat op daardie stadium heeltemal onverlig was en waarop geen spoedgrens van toepassing was nie. Volgens

die getuie is sedertdien ligte aangebring sowel as 'n spoedgrens op die pad van toepassing gemaak.

[6] By die toneel het die getuie die oorledene aangetref. Die oorledene het langs die pad gelê aan die linkerkant gesien vanuit die rigting waarin dit later geblyk het die bestuurder onderweg was. Die oorledene was geklee in donker kleredrag wat hom nie maklik sigbaar sou maak nie. By die plek waar die oorledene aangetref is, is aan die een kant van die pad plotte geleë en aan die ander kant 'n woongebied wat, soos hy dit beskryf het, egter 'n ent ver was. Dit was donker en die polisie het van flitse gebruik gemaak. Alhoewel volgens die getuie baie voetgangers van die pad gebruik maak, was daar geen voetganger-oorgange in die nabyheid nie. Hy het getuig dat by daardie plek gras, ± 'n halwe meter hoog, sowel as bome langs die pad was. Alhoewel hy getuig het dat hierdie gras en bome nie 'n bestuurder se uitsig op die pad versper het nie, is geen getuienis aangebied van wat die afstand tussen die gras en die teeroppervlakte was nie. Daar is ook nie getuienis

aangebied aangaande hoe breed die pad was of wat die aard of breedte van enige skouer van die pad was nie.

[7] Terwyl mnr Maklaue op die toneel was, het die bestuurder se vader daar opgedaag. Hy is saam met die bestuurder se vader na sy huis toe alwaar hy die betrokke motorvoertuig inspekteer het. Hy het gevind dat die modderskerm van die motorvoertuig beskadig was aan die linker sykant bokant die linker voorwiel. Ook die voorruit was aan die linkerkant beskadig.

[8] Op 'n latere stadium, dit is nie duidelik wanneer nie, het hy 'n gesprek gevoer met die bestuurder. Die bestuurder het hom meegedeel dat sy nie die oorledene opgemerk het nie maar slegs 'n stampgeluid gehoor het. Sy het hom ook meegedeel dat omdat sy alleen in die donker was, sy bang was om te stop en derhalwe voortgery het. Ook is op daardie stadium vasgestel dat sy slegs oor 'n leerling-bestuurderslisensie beskik het.

[9] Die bestuurder was 20 jaar oud ten tye van die botsing. Die bestuurder het getuig dat sy om ongeveer middernag vertrek het vanaf ‘n bruilof en op die Smaldeel pad in die rigting van Kroonstad gery het na haar ouerhuis wat op ‘n plot geleë was. Dit was donker. Sy het geen voetgangers waargeneem nie. Daar is ook geen huise langs die pad nie. Sy het getuig dat terwyl sy aldus gery het teen ‘n snelheid van 60 tot 65 kilometer per uur, ‘n voertuig van voor gekom het waarvan die ligte op helder gestel was. Sy het haar voertuig se ligte geflikker in ‘n poging om die bestuurder van die ander voertuig te kry om die ligte daarvan te domp maar sonder sukses. Die helder ligte van die aankomende voertuig het haar tot ‘n mate verblind, as gevolg waarvan sy haar voet van die versneller afgehaal het. Net toe die aankomende voertuig langs haar voertuig was, het sy ‘n donker voorwerp vinnig van links in die pad sien inkom op so ‘n kort afstand dat dit nie moontlik was om ‘n botsing daarmee op enige wyse te vermy nie. Die voorwerp het die voorruit van haar voertuig getref en aan die regterkant van haar voertuig te lande gekom. Sy was geskok, bang om te

stop en het teruggery na die bruilof waar haar vader was, waarna die voorval aan die polisie gerapporteer is.

[10] Die bestuurder het volgehou daarmee dat haar voertuig aan die regterkant voor beskadig was asook die kantspieël aan die regterkant. Sy het getuig dat sy nie kan onthou dat sy met mnr Maklaue oor die aangeleentheid gepraat het nie.

[11] Die verhoorlanddros het nie die getuienis van die bestuurder verwerp nie. Namens die appellant is ook nie betoog dat die getuienis van die bestuurder verwerplik was nie maar is aangevoer dat alhoewel haar getuienis ten aansien van wat gebeur het totdat sy deur die aankomende voertuig tot 'n mate verblind is aanvaarbaar is, haar getuienis van wat daarna gebeur het onderworpe is aan kritiek. Ek is vir doeleindes van beregting van die appèl bereid om in twee opsigte die getuienis namens die appellant te aanvaar waar dit verskil van dié van die bestuurder. Die getuienis van mnr Maklaue dat die bestuurder hom meegedeel het dat sy nie die persoon gesien het voordat die botsing plaasgevind het

nie, is nie in kruisverhoor betwis nie. In lig van die getuienis van die bestuurder dat sy nie kan onthou dat sy met mnr Maklaue hieroor gepraat het nie, is ek bereid om vir doeleindes hiervan te aanvaar dat die bestuurder nie die oorledene gesien het voordat sy met hom in botsing gekom het nie. Die getuienis van mnr Maklaue aangaande waar die skade aan die voertuig was, was insgelyks nie gedurende kruisverhoor betwis nie. Aangesien dit moontlik is dat die bestuurder hieromtrent verward is of fouteer, meen ek dat ook in hierdie verband, die getuienis namens die appellant vir doeleindes van die beregting van die appèl aanvaar moet word.

[12] Namens die appellant is in die eerste plek aangevoer dat die bestuurder versuim het om ‘n behoorlike uitkyk te hou. Van die blote feit dat die oorledene deur die voertuig van die bestuurder getref is sonder dat die bestuurder hom gesien het, kan in die omstandighede van hierdie saak, nie ‘n afleiding van kousaal verbonde nalatigheid gemaak word nie. Gevolglik was dit vir die appellant nodig om op ‘n oorwig van

waarskynlikhede te bewys dat die oorledene sigbaar was in die pad of in omstandighede waarin redelikerwys verwag kon word dat hy die pad sou binnegaan, op ‘n tydstip toe ‘n botsing deur die uitoefening van redelike sorg vermy kon word. Vergelyk in hierdie verband **BOOYSEN v AA MUTUAL INSURANCE ASSOCIATION LIMITED** 1981 (1) SA 526 (K) op 529 G – H en **GUARDIAN NATIONAL INSURANCE COMPANY LIMITED v SAAL** 1993 (2) SA 161 (K) op 163.

[13] Bogemelde behels in besonder bewys van die die posisie en optrede van die oorledene kort voordat die botsing plaasgevind het. Hieromtrent kan m.i. geen bevinding op ‘n oorwig van waarskynlikhede op die getuienis gemaak word nie. Die moontlikheid dat die oorledene die pad onverwags binnegekom het toe dit onmoontlik was om ‘n botsing te vermy, is net so aanvaarbaar soos enige ander moontlikheid. Trouens, die feit dat die skade aan die voertuig aan die linker sykant daarvan was, is op waarskynlikhede ‘n aanduiding daarvan dat dit juis die geval was. Op die retoriese vraag

waarom die bestuurder die oorledene nie betyds gesien het nie, bied die appellant se saak m.i. geen antwoord ander dan spekulasie nie.

[14] Dit volg dat na my oordeel nie deur appellant bewys is dat die bestuurder in hierdie opsig nalatig was wat kousaal aan die dood van die oorledene verbonde is nie. Hierdie gevolgtrekking sou myns insiens ook gemaak moes word, indien respondent bloot sy saak gesluit het.

[15] Dit is ook aangevoer dat die bestuurder nalatig was deur toe sy tot 'n mate verblind was, te versuim om die remme van die voertuig aan te slaan in plaas van bloot haar voet van die petrolpedaal te lig. Soos blyk uit die voormelde, moet aanvaar word dat die onderhawige botsing op die oop pad plaasgevind het. Ek meen nie dat dit redelikerwys van 'n bestuurder in hierdie omstandighede verwag kan word om remme aan te slaan telkens wanneer hy tot 'n mate deur die ligte van 'n aankomende voertuig verblind word nie. In ieder geval kan nie bevind word dat sodanige nalatigheid kousaal

verbonde is aan die dood van die oorledene nie, anders gestel, dit is nie op 'n oorwig van waarskynlikhede aangetoon dat indien remme aangeslaan is die botsing nie sou plaasgevind het nie.

[16] Ten slotte is namens die appellant aangevoer dat die bestuurder teen 'n te hoë snelheid in die omstandighede gery het. Hierdie argument het na my oordeel geen substansie nie. Soos gemeld, was die betrokke pad 'n oop pad waarop geen spoedgrens van toepassing was nie. Die bestuurder het beweeg teen 60 tot 65 kilometer per uur wat selfs in 'n besige stadsgebied gewoonlik geoorloof is.

[17] Gevolglik kan die appèl na my oordeel nie slaag nie.

[18] Gevolglik word die volgende bevele gemaak:

i) Die aansoek om kondonasie word toegestaan.

ii) Die appèl word afgewys met koste.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Ek stem saam:

**J.P. MALHERBE, RP**

Ek stem saam:

**D.J. LOMBARD, R**

| | |
|---|---|
| Namens Appellant | Advokaat N Snellenburg<br>i.o.v.<br>Rosendorff Reitz Barry<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens Respondent: | Advokaat Le R Pohl<br>i.o.v.<br>Honey Prokureurs<br>BLOEMFONTEIN |

/ec

/ec